KAMMANUUS

Nommer 339 15 Oktober 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

'n Stemmetjie uit Duskantland vra hulp

Een van ons lesers daar aan die gatkant van die Suidelike Halfrond, **Suna Stirk,** stuur toe mos laas week vir my 'n skakel na 'n meningsopname wat onder Anderkantlanders sirkuleer. So stel sy my toe ook voor aan die samesteller. **Fanie Pretorius**, nog 'n baardbek soos ek, woon in Garsfontein daar naby Tshwane.

Ek en Fanie het so bietjie gesels en toe vra ek hom om sommer vir ons die kap agter sy byl te gee. Hier volg sy bydrae:

'n Stemmetjie uit Duskantland

Het ons Afrikaans-praters wat nou nog in Duskantland woon en werskaf, te veel respek vir die erwe van ons vadere om dit te verlaat? Te veel geloof in die inherente goedheid van homo sapiens – geloof dat die huidige heersers nie heeltemal alles wat goed is ten gronde sal laat gaan en ons menseregte en erfenisse alles sal laat vervaag en uiteindelik sal laat verdwyn nie?

Of het ons eenvoudig nie genoeg geld, kundigheid en *guts* om Anderkantland-toe uit te wyk nie?

Is ons vies vir julle omdat ons jaloers is op julle ervarings en voorspoed, of omdat julle ons alleen met die gemors agtergelaat het? Of wens ons julle net geluk en voorspoed toe met die enorme aanpassings wat julle gemaak het en dalk nog moet maak?

Ek kan nie namens ander "agtergeblewenes" praat nie, maar ekself is trots op julle – op diegene onder julle wat ná die groot sprong op julle voete beland. Dit lyk of die grootste gros van julle dit uiteindelik wel reggekry het.

Maar as ek deeglik in myself soek, sien ek ook 'n tikkie jaloesie raak. Van daardie lelike jaloesie, wat wil-wil oorgaan in verwytende, onbillike aggressie. Hoekom mag julle sulke interessante dinge beleef, en ek nie? Hoekom mag julle oor die algemeen soveel meer effektiwiteit beleef en soveel beter behandel word?

Dis alles natuurlik net persepsies en ek weet julle verlang na braaivleis, sonneskyn en cabernet – om nie te praat van geliefdes wat nou verweg is nie. En om in Afrikaans te kuier en lag en eet. En tog ... wonder ek of ek en my mense nie ook dalk ook moes geskuif het toe ons nog kon nie...

Dit is alles gedagtes wat deur my kop gegaan het toe my kamermaat, Ina, en ek onlangs meer as twee maande lank in vier lande in die buiteland op verskeie dierbare vriende en familie se nekke gaan lê het. Dit was onverdunde lekkerte en interessantheid! Veral die subtiele en minder subtiele verskille in die kulture waarin julle woon – en hoe elkeen 'n oplossing soek vir die konflik tussen die ouers se moedertaal en die nuwe lands- en skooltaal. Dit lyk of sommige oplossings bietjie beter werk as ander – maar buitestaanders moet maar hulle bekke afhou van andere se oplossings.

As deel van ons nuwe belangstelling in die bewoners van Anderkantland se wel en weë het ons 'n menings- en gedragsopname opgestel. 'n Paar honderd Anderkantlanders het al deelgeneem. Ons onderneem om die resultate van die ondersoek aan almal wat hulle e-pos adresse invul, te stuur. Neem asseblief daaraan deel, as jy nie reeds het nie:
http://www.surveymonkey.com/s/6F7FLW2

Kom julle, daar is net agt vrae en dit vat skaars vyf minute om die ding in te vul. Kliek asseblief en maak so!

Hennie Greeff
Doha, Katar
UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

SKERP ANTWOORDE

Edna Ferber
en
Noel Coward

Die skryfster het met 'n pak klere by 'n funksie opgedaag.
Coward: "Jy lyk amper soos 'n man."
Ferber: "Ja, jy ook."

Bill Clinton
en
Dan Quayle

Quayle het gesê hy gaan die 1992-verkiesing soos 'n bulhond aanpak.
Clinton: "En dit sal natuurlik elke lamppaal in Amerika laat bewe."

Spaanse gesegdes

- As jy jouself soos 'n deurmat gedra, sal mense op jou trap.
- 'n Goue stang maak die perd nie beter nie.
- Die man met geduld kan enigiets regkry.
- Digters word gebore, maar orators kan dit aanleer.
- Die swak skrywer blameer sy pen.
- As jy saam met die duiwel wil eet, het jy 'n lang lepel nodig.
- Die duiwel is slim omdat hy oud is, nie omdat hy die duiwel is nie. (Jy leer uit jou lewenservaring.)
- Pasop vir vyande wat versoen geraak het, en vir vleis wat twee keer gekook is.
- As jy vis wil hê, moet jy bereid wees dat jou gat nat sal word. (Niks gebeur sonder moeite nie.)

Darwin-pryse [7]

Die man wat in Amerika probeer het om met 'n tuinslang pertol uit 'n motorhuis te suig, het meer as net 'n bloutjie geloop.

Die polisie het op die toneel aangekom en 'n baie siek man opgekrul langs 'n motor en naby gestorte riool aangetref.

Dit blyk toe dat die dief die tuinslang per abuis aan die motorhuis se riooltenk gekonnekteer het.

Die eienaar het nie 'n klag gelê nie en gesê hy het lank laas so lekker gelag.

STERK BIER
bestaan nie.
Jy kry net
SWAK MANS

EVOLUSIE [5]



Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com

DRIE OU TANNIES RANK UIT

Drie tannies van Pretoria is op 'n uitstappie na Sun City. Ná 'n geslaagde uur of twee by die dobbelmasjiene voel hulle 'n bietjie roekeloos.

Die manlike prikkeldansers die Chippendales tree op, en toe die gordyn oopgaan, sit die drie heel voor.

Hoe later, hoe kwater. Een vat later 'n R20-noot, gee dit 'n lek en plak dit teen een van die kaal boude wat verbyskuur. Die tweede doen dieselfde met 'n R50-noot.

Die derde aarsel 'n oomblik. Toe haal haal sy haar kredietkaart uit, en trek dit deur die gleufie.

SUID-AFRIKA BLY TOPS!

In Skandinawië het die Dene nou 'n oulike masjien ontwerp om misdaad te help bekamp.

Die prototipe is in New York getoets, waar dit binne twee uur 250 arrestasies tot gevolg gehad het.

In Glasgow in Skotland is 154 skelms in dieselfde tyd aangekeer.

En in Johannesburg? Daar's die masjien binne nege minute gesteel.

BRAKPAN SE NUWE NAAM

Brakpan se inwoners het besluit om die naam van die dorp te verander weens al die skurwe grappe oor hulle.
Ná lang ure se baklei en gestry besluit hulle op Valleyfontein, en daar marsjeer die hele dorp af hof toe om die naam wettiglik te registreer.
Ure later kom die burgemeester uit die hof met sy hande omhoog, en bevestig dat dit 'n sukses was.
Koos draai met 'n opgewonde stem om na sy maters en vra:
"Het jy die jongste Valleyfontein *joke* gehoor?"

• **V:** Hoekom drink die Brakpanners so baie as hulle braai? **A:** Hulle is bang die kinders ruik hulle het vleis geëet.

• **V:** Hoe weet jy 'n Brakpanner het 'n bonus gekry? **A:** Die vrou se hare is gedoen en die kinders se asems ruik na polony.

NIE SO NIE!

Die skoolhoof roep die onderwyseres kantoor toe.
"Is iets verkeerd, meneer?" vra sy.
"Ja," sê die skoolhoof, "jy kan nie elke keer vir Petoorsie se ma 'n bedankingsbriefie stuur as hy afwesig is nie!"

SKEWE GRAPPIE

Drie moffies loop in die park en sien 'n vrou alleen deur die bosse stap.
"Kom ons val haar aan," sê die een.
"Ja," sê sy maat."Dan hou julle haar vas, en ek doen haar hare!"

LIMERIEK

Koos Hall, 'n beswaarde ou man
wil sy voornaam verander na Jan;
jy móét dit begryp,
hy's erg in die knyp:
hy sit op sy naam ... met sy van.

Om oud te word, is verpligtend. Om groot te word, is opsioneel.



MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

Mosdop se kortsigtigheid

Deur Kanonsersant Bt 67229385 HJ Greeff

Een van die hoogtepunte van my nege maande opleiding in Walvisbaai was die keer toe ons opgeruk het na die Outjo omgewing, noord van Windhoek, om te gaan oefen hoe 'n mens binnelandse beveiliging doen

Nou nie juis oor die oefening self nie, maar eerder omdat ons vir 'n slag kon wegkom uit die woestyn met sy ewige sand en stof. Ons het ook vooraf gehoor dit sou op 'n boer se plaas wees, en gou was daar gerugte oor die talle mooi dogters wat hy kwansuis sou hê.

Ons kon nie wag nie. Die Bedford waarin ek was, is bestuur deur 'n drywer met die bynaam Mosdop. 'n Mosdop is die plastiekhelm wat troepe aldag en heeldag moet dra. Gevorm soos die Duitsers se oorlogshelm, pas hy binne die ware jakob, wat 'n mens slegs dra wanneer jy ernstig raak oor oorlog speel en met lewendige ammunisie werk.

Só 'n meneer is beter bekend as 'n staaldak.

Kanonnier Oosthuizen het die bynaam gekry weens sy kortgatgeit en die effe gebukte stoeier-boggeltjiehouding waarmee hy geloop het. Kompleet soos 'n skilpad, of nog beter, nes 'n mosdop.

Mosdop kon skaars oor die Bedford se neus sien weens sy gebrek aan lengte. Hy was egter heel in sy element in die woestyn, want mens kan mos myle rondom jou sien. In die bos was dit egter 'n heel ander storie, soos dit later sou blyk.

Met ons aankoms in die ruie en beboste wêreld, word ons rantsoenpakkies uitgedeel en vertel ons mag glad nie was of tande borsel vir hele duur van die oefening nie.

Ons word in groepe opgedeel en in verskillende dele van die plaas afgelaai, met die instruksie dat ons ander groepe moet opspoor en gevangene neem sonder om self betrap te word. Cowboys en Indiane op 'n groot skaal.

Die eerste dag of twee was dit maar moeilik om glad nie te was nie want dit raak maar ongemaklik en skawerig hier in die lieste. Maar vasbyt is mos die troep se credo.

Ons byt vas en raak so vuil soos wat mens as laaitie altyd wou word, maar wat jou ma nooit toegelaat het nie. Gelukkig het ons saam vuil geword.

Dis soos saam knoffel eet, 'n mens ruik dan mos nie die ander een se klank nie. Glo my, ek kan vandag getuig dat 'n mens 'n skoon persoon amper 'n 600 meter ver kan ruik as die wind reg waai.

Een van die meer verfynde manne in 'n ander groep het besluit hy gaan skelm tande borsel. Aan sy reuk alleen het ons hulle groepie kon opspoor en gevange neem.

Op die laaste dag kom die Bedfords ons haal. By die rendezvous-punt kom vra die kaptein vir Mosdop waar hy nog in sy Bedford sit, of hy al ses die boer se hekke weer agter hom toegemaak het.

"Daar was net vyf kaptein" Kom die antwoord.
"Is jy seker Oosthuizen?" vra die Kaptein weer. "Ja, Kaptein."

Kaptein Pottie laat die kortgat Mosdop toe uitklim en voor om die Bedford stap. Daar, oor die neus van die lorrie, is die sesde hek toe mooi gedrapeer!

- Die huwelik is die natuur se manier om te voorkom dat mense met wildvreemdelinge baklei.
- Firmas laat hul personeel toe om verlof te neem, net sodat hulle kan sien dat die firma sonder hulle kan klaarkom.
- As jy ontevrede is en na jou jeug terugverlang - dink aan algebra.

Eendag in 'n kroeg

Daar sit ek toe in die kroeg, besig om na my drankie te kyk toe 'n groot ou instap, dit voor my weggryp en met een sluk laat verdwyn.

"Wel," vra hy dreigend, "wat gaan jy daaromtrent doen?"

Dis toe dat ek in trane uitbars.

"Ag, nee man!" sê hy. "Ek het nie gedink jy gaan huil nie! Ek kan nie 'n man wat huil verdra nie."

"Dis die ergste dag in my lewe," sê ek. "Ek is 'n algehele mislukking. Ek was laat vir 'n vergadering, toe steek my baas my in die pad.

"Toe ek by die parkeerterrein kom, moes ek ontdek dat my kar gesteel is, en hy was nie verseker nie. Toe vergeet ek my beursie in die taxi wat my huis toe geneem het.

"Tuis het ek my vrou met 'n ander man in die bed betrap, en toe byt my eie hond my.

"Dis toe ek hier by die kroeg instap om die moed op te bou om 'n einde aan alles te maak.

"Ek koop 'n dop, gooi 'n gifpil in en kyk hoe dit oplos, en net toe stap jy hier in en sluk dit weg.

"Maar genoeg van my. Hoe was jou dag?"

HOE LANK?

Die Trans-Karoo se kondukteur het sy groen vlag oopgerol en die trein was op die punt om De Aar te verlaat.

Hy blaas op sy fluitjie en skree: "Almal aanboord vir Kaapstad!"

Net toe storm 'n jong man verby, gooi sy tas deur 'n venster en draai in sy spore om.

Toe hy by die kondukteur verby-hardloop, skree hy: "Het ek tyd om my vrou te groet?"

"Wel," sê die kondukteur, "dit hang af. Hoe lank is jy al getroud?"

Beoordeling van personeel

Hier is 'n paar wenke vir al die bestuurders wat nie meer weet hoe om hul personeel te vlei nie:

- "Sedert my vorige verslag, het hy 'n nuwe laagtepunt bereik - en hy grawe steeds!"
- "Sy mense sal hom enige plek volg - al is dit net uit morbiede nuuskierigheid."
- "Werk goed as hy onder gedurige toesig is en vasgekeer is soos 'n rot.'"
- "Hierdie persoon ontneem een of ander dorpie van 'n idioot."
- "Hy lei aan illusies van bekwaamheid."
- "Hy sal nog ver kom - hoe verder van my af hoe beter."

"Hy het miskien te veel met gom gewerk."

- "As hy nog dommer word, sal hy twee keer per dag natgegooi moet word."
- "Hy het sy brein vir wetenskaplike navorsing geskenk voordat hy dit klaar gebruik het."
- "Die dwarsbalk het gesak en die ligte flikker, maar die trein wil nie kom nie."
- "As jy hom 'n pennie vir sy gedagtes gee, sal jy kleingeld kry."
- "Hy sal met 'n rigtingwyser stry."

"Hy het die vermoë om van enige vriend 'n vreemdeling te maak."

- "Hy bring baie vreugde as hy die vertrek verlaat."
- "As jy naby genoeg aan hom staan, kan jy die see hoor."
- "Wanneer sy IK 50 bereik, moet hy verkoop."
- "Toe ander uit die fontein van wysheid gedrink het, het hy net gegorrel."

My sekslewe is soos 'n FERRARI.

Ek het nie 'n Ferrari nie.

TWEE meisies stry oor dieselfde jong man.
"Wel," sê die eerste een, "ten minste trek hy soos 'n gentleman aan."

Die ander meisie trek haar skouers op. "Sal nie weet nie," sê sy. "Ek het hom nog nooit sien aantrek nie."

In RUSLAND is die klant nooit reg nie

Suid-Afrikaners sal straks ons eie staats"diens" en staatshospitale hierin herken – "waar die enigste goeie klant 'n dooie klant is". Soos in Rusland.

Hoeveel blondines verg dit 'n Moskouse winkel om een maskara aan jou te verkoop?
Vyf. Sonder grappies. Vyf meisies kon tussen hulle skaars een klein boksie maskara vind, oplui en toedraai. Om my kleingeld uit te keer, moes hulle my 500 roebelnoot by 'n winkel daar naby gaan kleinmaak, skryf **Maria Antonova** in *MosNews*.

Tien jaar gelede het ek 'n potjie met 'n lugwaardin op Aeroflot geloop. Toe ek my teekoppie aanbied, snou sy my toe: "Wat? Wil jy hê ek moet jou tee op botter skink?" En dit net omdat ek vergeet het om die blokkie botter uit die koppie te haal.

Ek het toe besef jy hoef nie op land te wees om Moedertjie Rusland se grond te soen nie – jy kan die Russiese atmosfeer ook op 'n hoogte van 5 000 voet ervaar.

Want kliëntediens in die Sowjet-styl is nie net 'n oksimoron nie: Dis 'n lewende legende met ensiklopediese afmetinge.

"Sofkowi serwis" (Sowjetdiens) is die uitdrukking wat gebruik word om 'n kafee of winkel te beskryf waar die goue reël nie is dat die klant altyd reg het nie, maar dat "die enigste goeie klant 'n dooie klant" is.

Jy kom ook nie ver in klere- of skoenwinkels nie, tensy jy die supermodel Natalia Wodianowa is. "Selfs al sê jy vir die assistent dat sy 'n teef is, en dat jy jou sake elders sal doen, sal sy net haar skouers ophaal en voortgaan om haar naels te vyl."

"Al daardie sekerheidswagte is nodig, want die klante betaal nie altyd nie."

In restaurante is my groot irritasie die wyse waarop kelners jou bord voor jou wegruk. Jy is besig om die laaste happie met jou vurk na jou mond te bring – en wap! Weg is jou bord. Dit laat jou sonder 'n plek om jou vurk neer te sit.
Die rede moet wees: Vat haar bord weg, anders bestel sy nie nagereg nie.

Supermarkte bied 'n ander uitdaging. As dit jou gewoonte is om jou beste jas aan te trek as jy gaan inkopies doen, sien die winkel se sekuriteitswagte jou aan vir 'n "boemelaar wat die winkel besteel."

Swak kliëntediens is deels 'n Sowjet-nalatenskap: Jy kon nie jou geld elders neem nie, want daar wás geen ander plek nie. Daar was net een besigheid: die staat. Die gebrek aan kompetisie het gelei tot 'n traak-my-nie houding: Die kliënt het ons nodig, ons het hom of haar nie nodig nie.

Die ander groot probleem is diefstal. Al daardie sekerheidswagte is nodig, want die klante betaal nie altyd nie. Anastasia, lank 'n kelnerin in 'n duur eetplek, het my vertel van die professionele klaplopers *(freeloaders)*: Mense wat hulle knuppeldik eet en dan net verdwyn. Sy het een keer 'n groep bedien wat 'n duisend dollar se kos verorber het. Toe gaan dans 'n paar van hulle, en nog 'n paar gaan toilet toe.

"Ek het gedink alles is in orde – hul jasse en sakke was nog by die tafel – totdat ek ontdek het al die sakke was vol papier opgestop!" vertel sy.

Anna weer, kla oor die eetgerei, borde en bekers wat uit haar restaurant verdwyn. Die ergste was toe 'n toiletdeksel ook voete gekry het.
Wat dalk verklaar hoekom hulle jou bord so vinnig voor jou wegruk . . . ♦

Skryf gerus met interessante nuus uit jul omgewing. Onthou, ons adres is:
pos@onsdorp.com

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

MEKSIKAANSE BREDIE

1 kg maalvleis
2 blikkies roommielies
2 gerasperde uie
2 e kerriepoeier
2 k rou rys
1 blikkie tamatie puree
3 e meel
1 blokkie vleis ekstrak gekrummel
Margariene
Sout en peper na smaak (jy kan die sout uitlaat vanweë die ekstrakblokkie).
Kook rys tot gaar, maar nog nie droog gekook nie. Roer die kerrie en meel by en kook nog klein rukkie.
Meng uie, maalvleis en tamatie puree by bogemelde. Voeg res van bestanddele by en roer goed deur. Skep in oondpan en bak vir sowat 50 minute. Sit stukkies margarien bo-op vir laaste 10 minute met oond op rooster.

STAMBOOM

COETZEE gansie.coetzee@daimler.com
Ek wil graag weet of iemand meer inligting het oor die kinders van die volgende persone:
1) Jacobus David Philippus Coetzee - Hy het getrou met Lasya Francina van der Walt, op 18 Mei 1896 in Postmasburg, Noord-Kaap. Sy is gebore 28 Julie 1877.
2) Petrus Jacobus Coetzee gebore 14 Nov 1871. Hy het met Hester Jacoba van Der Walt op 25 Februarie 1905 getrou, te Postmasburg, Noord-Kaap. Sy is gebore op 4 Junie 1886 en oorlede 23 Desember 1972. Hy sterf 12 April 1951. Albei begrawe in Postmasburg. JDP en PJ Coetzee se ouers was: Jacobus Philippus Coetzee en Hester Sophia Jacoba (Venter).

FOUCHE willie.fouche@mf.co.za
Ek is van Winburg se Fouche-familie en ons voorsate was van Rouxville afkomstig. Ek het baie inligting oor Winburg se Fouche-families.

NAUDE louis@sharedserv.co.za
Ek het 'n boek oor die Naude-familie geskryf.

SWART kooswart@yahoo.com
My Oupa was Jakobus Niklaas Swart (Koos) van Koppies in die OVS. My pa, Gideon Jacobus Johannes Swart (Gideon) gebore24/1/1935 te Koppies, Pietersburg, Messina, Burgersfort en Lydenburg. Ek is Jacobus Nicolaas Swart (Koos) 3/12/1967 gebore te Excelsior OVS, Burgersfort, Lydenburg, Nelspruit, Washington DC. My suster Marisa – Bloemfontein. Ek stel belang om meer familie te ontmoet.

VAN NIEKERK wilmaanique1@gmail.com
Ek wil graag meer weet van ons voorouers.

Piet se vrou se kat

Piet haat sy vrou se kat en besluit op 'n dag om ontslae te raak van die kat.

Hy vat die kat en ry so 2 km ver en smyt hom uit die kar uit.

Toe hy by die huis kom, wag die kat vir hom.

Weer laai hy die kat en ry so 5 km weg en smyt hom uit.

Kom by die huis, en hier wag die kat weer vir hom.

Hy laai weer die kat en ry 'n moerse ent. Dan links, dan regs, dan 'n ent terug, dan weer links en regs vir kilometers en gooi uiteindelik die kat weer uit.

Ná 'n ruk bel hy sy vrou en vra of die kat by die huis is.

"Ja," sê sy, "hoekom?"

Hy antwoord: "Gee die foon vir die donnerse kat. Ek het in my moer in verdwaal!"

AGTEROS

Net voor uitspantyd

"Hoe sal hierdie jong swart man hier op Mafikeng weet wie is Frik du Preez? Hierdie is sokkerwêreld. Ek het al in '71 uitgetree."

Deur DANA SNYMAN

Elke keer wanneer ek 'n rugbyspeler of die een of ander bekende in 'n geborgde motor iewers sien ry, dink ek aan die storie van Frik du Preez en sy geborgde bakkie.

Dis 'n waar storie. Ek het oom Frik dit self hoor vertel, ten koste van homself.

Dit was 'n paar jaar gelede, een Saterdagmiddag in oom Robert Denton se losie op Loftus Versfeld. Oom Frik was toe al verby 70, en hy en sy vrou het van Mafikeng, waar hulle toe gewoon het, Loftus toe gekom om rugby te kyk.

Ek sien oom Frik nog daar staan met sy groot hande en sy luierige glimlag. Ek hoor nog sy stem: "Hier op my oudag bel 'n man my. 'Meneer Du Preez,' sê hy. 'Ons wil graag vir jou 'n bakkie gee om mee te ry.' Ek dink: A, nie sleg nie. 'Ek hoop net nie julle wil my naam op die bakkie skryf nie,' sê ek vir die man. 'Ek soek dit nie. Ek's nie 'n windgat nie.'

"Maar die man hou vol, my naam sal op die bakkie moet staan.

"Ek dink: Al geborgde ding wat ek nog uit rugby gekry het, was 'n geborgde *carton* Springbok-sigarette toe ons in '61 met die skip oor is Ingeland toe.

"Ek sê later vir die man: 'Jong, dis so 'n bleddie lekker bakkie. Skryf dan maar my naam op, maar skryf hom net klein.'"

"Ek kry toe die bakkie. Man, en hy ry lekker. Later vergeet ek skoon my naam staan op die ding.

"Nou die oggend ry ek met die bakkie in dorp toe. Mafikeng toe. Ek hou by die winkelsentrum stil, en toe ek uitklim, toe sien ek uit die hoek van my oog 'n man kyk na my, en hy kom nader – 'n jongerige swart man.

"Hy kom staan voor my, hierdie swart man, en hy is baie vriendelik, en hy vra: 'Are you Mister Frik du Preez?'"

"Ek sê vir hom: 'Yes, my friend. I'm Frik du Preez. How are you?'"

"Hy sê vir my: 'I'm fine, Mister Du Preez. It's a honour to meet you. It's really a big honour, Mister Du Preez.' Ek skud sy hand en sê: 'Thank you very much, my friend.'

"Ons groet hom toe en stap weg. 'n Mens is mos maar 'n ydel ding, want toe ek so wegstap van hierdie man af, toe dink ek: Hoe sal hierdie jong swart man hier op Mafikeng weet wie is Frik du Preez? Hierdie is sokkerwêreld. Ek het al in '71 uitgetree.

"Ek besluit toe ek gaan hom vra hoe hy van my weet. Het hy dalk iewers in 'n koerant van my gelees? Ek draai toe om en stap weer na hom toe. Ek gaan staan voor hom. 'Sorry, my friend,' sê ek. 'Can I ask you one thing? How do you know I'm Frik du Preez?'

"Daai mannetjie kyk so na my en hy glimlag vir my. Hy glimlag vriendelik vir my en hy leun so half terug en hy wys met sy vinger na my bakkie, en hy sê in sy beste Afrikaans: 'Ek lees hom by jou bakkie.'"

KAMMANUUS
verskyn weer op 5 November